



DEPARTEMENT VAN LANDELIKE ONTWIKKELING EN GRONDHERVORMING

GROENSKRIF VIR GRONDHERVORMING, 2011

1. Inleiding

Die besluit tydens die 52ste Nasionale Konferensie van die ANC (Desember 2007) oor landbou-veranderinge, grondhervorming en landelike ontwikkeling, het bevestig dat die ANC bewus is van die sleutelrol wat grond (die grondkwestie) speel in die besleg van rasse-, geslags- en klasongelykhede in Suid-Afrika. Nasionale soewereiniteit word ingevolge grondbesit gedefinieer. Selfs al word dit nie in die hoogste gesag van die land, die Grondwet, bepaal nie, is grond 'n nasionale bate. Dit is dan ook waar die debat rondom landbou-veranderinge, grondhervorming en landelike ontwikkeling behoort te begin. Sonder hierdie wesenlike aanname is gesprekke oor doeltreffende grondhervorming en voedselsekureit oorbodig. Ons moet, en sal, die huidige grondbesitstelsel gedurende hierdie medium-termyn-strategiese-raamwerk-tydperk hersien. Ons sal dit doen deur onverpoosde skakeling met alle Suid-Afrikane, sodat ons uiteindelik 'n stelsel vir grondbesit kan hê wat die meeste, indien nie alle nie, Suid-Afrikane tevrede sal stel, ongeag ras, geslag of klas.

Die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming se strategie is heel gepas "Landbou-transformasie" – wat omskryf word as "‘n vinnige en noodsaaklike verandering in die verhouding (stelsels en patrone van eienaarskap en beheer) tussen land, vee, gewasse en die gemeenskap". Die doel van die strategie is "maatskaplike samehorigheid en ontwikkeling". Alle antikoloniale stryde draai, in wese, rondom twee dinge: om grond wat onder dwang of op bedrieglike wyse verloor is terug te neem, en om die sentrale rol van die inheemse kulture te hervestig.

Dit is hoekom kolonialiste grond geteiken het – om die oorrampelde bevolkings te beheer, ten einde hulle in onderhoriges en slawe te verander. Hulle volgende teiken was die kulturele gebruike van die mense, veral kruiskulture, wat multikulturele gemeenskappe tot 'n enkele samehorige samelewing verbind het, ongeag hul verskillende kulture. **Ubuntu** of menslike solidariteit is 'n voorbeeld van só 'n kruiskultuur in Afrika-gemeenskappe. Dit is 'n oorkoepelende lewenswyse van die Afrika-mense (daar is die volgende twee Xhosa-uitdrukkings oor ubuntu: (i) *Nongenankomo uyawadla amasi*; en (ii) *inkomo yenqoma, yintsengw'ibhekwa*), wat onafskeidbaar aan land gekoppel is. Enige poging om ubuntu te herstel sonder om terselfdertyd grond terug te gee, sou nutteloos wees. Grond is die middele tot ubuntu, wat die doel is.

Dus is maatskaplike samehorigheid, net soos ontwikkeling, direk gekoppel aan toegang tot en eienaarskap van land. Dit is 'n basiese beginsel van en vereiste vir die uitoefening van ubuntu in 'n tradisionele Afrika-samelewing. Dit gaan nie net oor getrouheid aan nasionale simbole soos die Volkslied en die Vlag nie, alhoewel hierdie simbole belangrik is in die konteks van 'n moderne regering. Dit is deel van mense se manier om hulself uit te druk, oor hulself en vir hulself. Dit is 'n lewenswyse wat onlosmaakbaar aan grond verbind is. Indien jy Afrika-mense (wat die San en Khoi insluit) toegang tot en eienaarskap van land verbied, soos wat die geval was tydens beide kolonialisme en apartheid in Suid-Afrika, verwoes jy eintlik die basiese fondasie van hul bestaan.

In landelike gemeenskappe strek sosiale verhoudings veel dieper, aangesien die verhoudings beide histories en tussen generasies is. Wederkerigheid (horisontaal en hiërargies), 'n kenmerkende eienskap van ubuntu, is 'n lewenswyse wat natuurlik sou ontwikkel, gevoed deur gedeelde moeilike én goeie tye. Kolonialisme en apartheid het te alle tye en op alle moontlike maniere gepoog om hierdie wederkerigheid te verwoes tussen mense van verskillende kulture maar wat deel is van dieselfde nasie. Van al hierdie maniere was die Naturelle-grondwet, Wet 27 van 1913, en die trekwerkerstelsel dié wat sekerlik die meeste verwoesting in landelike Afrika-gemeenskappe gesaai het, aangesien dit die goeie eienskappe van ubuntu in die wiele gery het. Mense se basiese uitlewing van ubuntu – naamlik die vermoë om te gee (*izinwe*) – is weggeneem, aangesien hulle hul grond verloor het. Hulle kon nie meer genoeg kos produseer om hul gesinne te voed of hul vee te behou nie. Hulle moes op karige lone of aalmoese oorleef en kon nie eers hul eie behoeftes bevredig nie, laat staan nog van mededeelsaam wees en gereadig met bure deel. Kolonialisme en apartheid het swart mense ontmens, en hulle vasgeketting aan 'n lewe van ewige honger en nood, en die gepaardgaande siektes en maatskaplike stryde en gebreke. Landelike ontwikkeling, landbou-verandering en grondhervorming moet die katalisator in die ANC-regering se missie wees om hierdie situasie om te keer. Dit het eeue geneem om swart mense te benadeel en dit gaan 'n hele ruk neem om dit aan te spreek, maar dit kan gedoen word. Die lang pad begin noodwendig met die skep van 'n nuwe, pragmatiese maar wesenlik gewysigde grondbesitstelsel vir die land. Versuim om dit te doen sal die huidige maatskaplike en ekonomiese fragmentering en onderontwikkeling laat voortduur.

Ontwikkeling – en noodwendig ook onderontwikkeling, as resultaat – is 'n uitvloeisel van sekere politieke keuses en besluite, sowel as sekere administratiewe praktyke, prosesse, prosedures en instansies. Gesien in hierdie konteks beteken ontwikkeling “maatskaplike, kulturele en ekonomiese vooruitgang teweeggebring deur sekere politieke keuses en besluite en verweselik deur sekere administratiewe praktyke, prosesse, prosedures en instansies”. Die belangrikste maatstawwe vir ontwikkeling is dus maatskaplik, politiek, administratief, kultureel, institusioneel en ekonomies. Afhangend van die soort politieke keuses en besluite wat geneem word, en die administratiewe praktyke, prosesse, prosedures en instansies wat in plek gestel word om daardie keuses en besluite te verweselik, sal daar maatskaplike vordering (ontwikkeling) of stagnasie (onderontwikkeling) wees. Met ander woorde, afhangend van die soort politieke keuses en besluite wat ons hier en nou maak en die tipe administratiewe praktyke, prosesse, prosedures en instansies wat in plek gestel word om daardie keuses en besluite te verweselik, sal ons óf die wenslike maatskaplike samehang en ontwikkeling teweegbring, óf ons sal die huidige koloniaal-apartheid maatskaplike en ekonomiese fragmentasie en onderontwikkeling laat voortduur.

Ter wille van duidelikheid is die maatstawwe vir “ontwikkeling” in hierdie konsep-groenskrif “gedeelde groei en welvaart, behoorlike werkgeleenthede, relatiewe inkomste-gelykheid en kulturele vooruitgang”, en dié vir “onderontwikkeling” is “armoede, werkloosheid, relatiewe inkomste-ongelykheid en kulturele agteruitgang”. Dit word dus hier gestel dat hierdie twee teenoorgestelde sosio-ekonomiese pilare – ontwikkeling en onderontwikkeling – 'n direkte gevolg van sekere politieke keuses en besluite is, asook van sekere administratiewe tradisies en instansies, prosesse en prosedures. Dit is nie die gevolg van somer enige politieke keuse of besluit of enige administratiewe praktyk, proses, prosedure of instansie nie. As daar een positiewe nadraai van apartheid is, is dit (a) die politieke moed en wil om moeilike keuses en besluite te maak; en (b) die burokratiese verbintenis tot, passie vir en aggressie in die nastreef van daardie politieke keuses en besluite. Ons sit vandag met die gemors as gevolg van hierdie twee konsepte – **die politieke moed en wil om moeilike keuses en besluite te maak, en 'n burokratiese verbintenis tot, passie vir en aggressie in die nastreef van daardie politieke keuses en besluite**. Ons het nou dieselfde konsepte nodig om die land uit die gemors uit te kry.

Apartheid was die gevolg van spesifieke politieke besluite en keuses, wat uitgevoer is met behulp van 'n magdom onderdrukkende beleide en wette. Hierdie beleide en wette is sorgvuldig opgestel om 'n spesifieke doel te bereik. Hoor wat het Maurice Evans in hierdie opsig te sê gehad oor die vermindering van Natal se grond-kwota vir swartmense:

“Tog sal selfs dit ’n gemiddeld van 156 akker per kop vir die Europese bevolking beteken, en 6.8 akker vir elke booring, terwyl die grond wat binne die Europese gebiede val definitief gesonder, vrugbaarder en oor die algemeen meer wenslik is as die huidige gebiede óf die gebiede wat deur die Beaumont-kommissie voorgestel is” (M Lacey: Working for Boroko, 1981 [eie vertaling]).

Bogenoemde was nie ’n geïsoleerde geval nie. Dit was die storie van Suid-Afrika en die stelselmatige stroping en verarming van Afrika-mense (Afrika-mense sluit die San en Khoi en hul afstammeling in). Ons poging om korrektiewe maatreëls in te stel moet gesamentlik plaasvind, sodat ons die woede, bitterheid en lyding van diegene wat aan hierdie onmenslike behandeling onderwerp was, kan temper. Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) het voldoende bewys dat swart mense oor die algemeen, en die Afrika-meerderheid in besonder, die vermoë en politieke wil het om te vergewe. Maar hierdie goedheid moet nie as vanselfsprekend aanvaar word nie, want dit is nie ’n onuitputbare maatskaplike put nie. Dit is ’n put waarvandaan ons almal moet saamwerk om ons gemeenskaplike toekoms te bou. Dit is die gees van hierdie konsep-groenskrif.

2. Probleemstelling

- 2.1 Die behoefte aan ’n *nasionale identiteit, gedeelde burgerskap en om dienslewering te skep wat selfstandigheid aanmoedig*, is die hoofrede waarom die Staat moet voortgaan om in die transformasie van grondverhoudings (stelsels en patrone van grondbeheer en -eienaarskap) in ons land te belê.
- 2.2 Die beweegrede agter regeringsbelegging in en die langdurige vraag na grond in Suid-Afrika kan teruggelei word na die historiese agtergrond wat deur sommige akademici beskryf word as *“vererger deur ontneming”*.
- 2.3 Die huidige ekonomiese samestelling van Suid-Afrika as gevolg van hierdie historiese proses en verskynsel, skep voortdurend ’n omgewing wat maatskaplike samehang en ontwikkeling ondermyn vir diegene wat in die verlede van hul land ontnem is.

3. Die visie van grondhervorming

- 3.1 ’n Hergekonfigureerde, enkele, samehangende viervoudige stelsel van grondbesit, wat sal verseker dat alle Suid-Afrikaners, veral landelike swartmense, redelike toegang tot grond en beskermde regte het, ten einde hul basiese behoefte na behuising en ’n produktiewe bestaan te bevredig.
- 3.2 Eiendomsregte wat duidelik gedefinieer word, gerugsteun deur ’n regverdige, gelyke en aanspreklike grondadministrasie-stelsel binne ’n doeltreffende reg- en regeringstelsel.
- 3.3 Veilige vorme van langtermyn-grondbesit vir nie-burgers wat hier woon en gepaste beleggings maak om voedsel- en bestaanssekuriteit te bevorder, en verbeterde landbou-nywerheidsontwikkeling.
- 3.4 Doeltreffende grondgebruik-beplanning en regulerende stelsels wat optimale grondbenutting op alle gebiede en in alle sektore bevorder; en landelike en dorpsgrond wat doeltreffend bestuur word, sowel as volhoubare landelike vervaardigingstelsels.

4. Beginsels onderliggend tot grondhervorming

- 4.1 Die beginsels wat grondhervorming onderlê is drieledig:
 - (a) om die landelike ekonomie nie-rassig te maak;
 - (b) demokratiese en regverdige grondtoekenning en -gebruik ongeag ras, geslag of klas; en
 - (c) ’n volhoubare vervaardigingsektor vir voedselsekuriteit.

- 4.2 Die langtermyn doelwit van grondhervorming is maatskaplike samehorigheid en ontwikkeling. In hierdie dokument verwys die konsep “**ontwikkeling**” na gedeelde groei en welvaart, relatiewe inkomste-gelykheid, behoorlike werkgeleenthede en kulturele vooruitgang. Aan die ander kant van die spreekwoordelike muntstuk is “**onderontwikkeling**” – armoede, relatiewe inkomste-ongelykheid, werkloosheid en kulturele agteruitgang.

5. Huidige uitdagings en tekortkominge: beweegrede vir verandering

- (a) die grondverkrygingstrategie/gewillige-koper-gewillige-verkoper-model (’n verwronge grondmark);
- (b) ’n gefragmenteerde ondersteuningstelsel vir begunstigdes;
- (c) kies van begunstigdes vir grondherverdeling;
- (d) grondadministrasie/-bestuur, veral in landelike gebiede;
- (e) om die 30%-herverdelingsteiken teen 2014 te bereik;
- (f) ’n afname in die landbou-bydra tot die BBP;
- (g) ’n onverbidde toename in landelike werkloosheid; en
- (h) ’n problematiese vergoedingsmodel en ondersteuningstelsel (gemeenskaplike eiendomsinstansies en -bestuur)

6. ’n Verbeterde pad tot grondhervorming

- 6.1 In die bewoording van hierdie beter pad tot grondhervorming word ’n paar voorstelle gemaak wat poog om:

- (a) vorige en huidige grondhervormingsprosesse te verbeter sonder om die landbou-produksie en voedselsekureit onnodig te onderbreek; en
- (b) grondherverdeling en -vergoeding te verhoed of te beperk wat nie volhoubare bestaan, werkgeleenthede en inkomste genereer nie.

- 6.2 Hierdie pad word deur die volgende programme en instansies ondersteun:

- (a) ’n herkapitalisering-en-ontwikkelingsprogram;
- (b) ’n enkele vierledige grondbesitstelsel;
- (c) ’n Grondbestuur-kommissie;
- (d) ’n Grondwaardeerder-Generaal;
- (e) ’n Grondregte-bestuursraad, met plaaslike bestuurskomitees;
- (f) gedeelde-eiendom-instansies wat behoorlik in lyn is; en
- (g) die Grondbesitsekureit-wetsontwerp, 2010, wat ’n integrale deel van die Grondhervormingsprogram is, maar apart daarvan beskou word.

- 6.3 ’n Herkapitalisering-en-ontwikkelingsprogram. Die doel van hierdie program is om te verseker dat alle grondhervorming-plase 100% produktief is. Dit fokus op alle grondhervorming-plase wat sedert 1994 deur regeringsgeld bekom is, asook kleinhoewes wat privaat bekom is maar waarvan die nuwe eienaars nie van plan is om dit produktief te hou nie. Die strategie onderliggend aan die program is ’n vennootskap met kommersiële boere op ’n gedeelde-risiko-basis.

- 6.4 ’n Enkele grondbesit-raamwerk is in wording, wat die huidige vorme van grondbesit – naamlik gemeenskaplik, regering, openbaar en privaat – in ’n **enkele vierledige grondbesitstelsel** sal integreer:

- (a) Regerings- en openbare grond: huurpag;
- (b) Grond in privaat besit: vrypag, maar met beperkte omvang;
- (c) Grond wat deur buitelanders besit word: vrypag, maar wisselvallige besit, met verpligtinge en voorwaardes waaraan voldoen moet word; en

- (d) Grond wat gemeenskaplik besit word: gemeenskaplike besit, met vasgestelde gebruiksregte.

Die gemeenskaplike grondbesit (4de vlak) sal as 'n aparte beleid omskryf word, as gevolg van (a) die ingewikkeldheid daarvan (behoefte aan omslagtige besprekings en voldoening aan die Grondwet), en (b) die onlangse nietigverklaring van die Wet op Gemeenskaplike Grondregte deur die Konstitusionele Hof.

6.5 Grondbestuur-kommissie (GBK).

Die GBK sal selfbesturend wees, maar nie onafhanklik van die Ministerie en Departement wees nie. Dit sal rekenskap moet gee aan die Ministerie by wyse van die Departement en gereeld verslae aan die laasgenoemde voorlê. 'n Finansiële bestuurder, wat rekenskap sal gee aan die Departement se rekenkundige beampte, sal die finansies van die kommissie bestuur. Die GBK sal saamgestel wees uit alle grondkwessie-aandeelhouders en persone wat deur die Minister aangestel is as gevolg van die spesiale bydraes wat hulle kan lewer.

6.5.1 Funksies van die GBK

- (a) Raadgewer – reik raadgewende opinies, navorsingsverslae en riglyne oor grondbestuur uit aan alle grondkwessie-verwante departemente en staatsinstansies.
- (b) Koördineerder – verseker belyning, skakeling en samehang tussen teenstrydige grondbestuur-agentskappe, departemente, sfere en ander staatsinstansies.
- (c) Wetgewer – bestuur die regsaspekte om seker te maak dat grond op so 'n wyse bestuur word dat dit kwaliteit en waardes beskerm.
- (d) Ouditeur – verseker die integriteit van die inventaris van staats- en openbare grond, insluitend kontrole oor die gebruik daarvan.
- (e) Verwysingspunt.

6.5.2 Magte van die GBK

Die GBK sal die mag hê om:

- (a) enigiemand of enige entiteit, privaat of publiek, te dagvaar om voor die kommissie te verskyn, en vrae te beantwoord met betrekking tot grondbesit of grondbelange;
- (b) navrae te doen oor enige grondkwessie, op eie inisiatief of op aandrang van belanghebbende partye;
- (c) individuele of korporatiewe titelaktes te bevestig en/of geldig/ongeldig te verklaar;
- (d) 'n verklaring van grondbesit vir enige grond te vereis, met al die nodige dokumentasie wat op sodanige verklaring van toepassing is;
- (e) na goeë dunnke amnestie toe te staan en/of met vervolging te begin, wat ook al die geval mag wees; en
- (f) land wat op 'n oneerlike of korrupte wyse bekom is, terug te neem of te konfiskeer.

6.6 Die Grondwaardeerder-Generaal (GWG)

6.6.1 Probleemstelling

- (a) Suid-Afrika het nie 'n landwyse, omvattende, betroubare en vergelykende sentrale punt vir eiendomswaardes nie;
- (b) Daar is 'n gebrek aan 'n wetsraamwerk om te bepaal wanneer "markwaarde" een van die veranderlikes is wat die waarde bepaal in plaas daarvan dat dit die enigste maatstaf is;
- (c) Die opregtheid van sommige waardasies kan in twyfel getrek word;
- (d) Botsende belange en wanpraktyke;
- (e) Onbehoorlike of afgejaagde waardasies ten einde sperdatums of voldoeningsbeplanning na te kom; en

- (f) 'n Nie-historiese of meganiiese benadering tot waardasies.

6.6.2 Verantwoordelikhede van die GWG

Die GWG sal 'n wetlike kantoor wees en verantwoordelik wees daarvoor om:

- (a) regverdige en konsekwente grondwaardasies te voorsien met die oog op heffings en belasting;
- (b) finansiële vergoeding te bepaal in die geval van grondonteiening, ingevolge die Onteieningswet of enge ander beleid of wetgewing, ooreenkomstig die Grondwet;
- (c) spesialis-waardasies en eiendomsverwante advies aan die Regering te voorsien;
- (d) norme en standaarde daar te stel en dienslewering te kontroleer;
- (e) mark- en verkoopsontleding te doen;
- (f) riglyne, norme en standaarde daar te stel wat nodig geag word om die integriteit van die waardasiegedewens te bekragtig; en
- (g) 'n databasis van waardasie-inligting te skep en in stand te hou.

6.7 Grondregte-bestuursraad (GRBR) en Grondregte-bestuurskomitees (GRBK's)

6.7.1 Die GRBR sal saamgestel word uit verteenwoordigers uit sektore wat grondregte besit en persone wat deur die Minister aangestel is as gevolg van hul spesiale kennis en vermoë om professionele dienste aan die raad te lewer. Die GRBK's, daarenteen, sal saamgestel word uit inwoner-vertteenwoordigers van 'n spesifieke landelike omgewing of nedersetting: plaaswerkers en -bewoners, kommersiële boere, toepaslike munisipale rade, regeringsdepartemente soos die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, sowel as die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

6.7.2 Rol van die GRBR

- (a) Kommunikasie oor wetlike hervorming aan plaaseienaars, plaasbewoners en moontlike begunstigdes;
- (b) Verbetering van kapasiteit (binne en buite staatsinstansies) om diegene met regte te adviseer en te ondersteun, en om hulle te help om op te staan vir hul wetlike regte;
- (c) Om in samewerking met die Hoof-aktere-registrateur toeganklike en doeltreffende stelsels te ontwikkel vir die aanteken en registrasie van grondregte;
- (d) Om maatskaplike oplossings vir maatskaplike probleme en geskille aan te moedig;
- (e) Om regsvertteenwoordiging te voorsien, waar nodig, byvoorbeeld met onwettige uitsettings; en
- (f) Om 'n gekoördineerde en geïntegreerde ondersteuningstelsel te vestig sodat die Staat, burgerlike gemeenskap en privaat sektor aan geïntegreerde ontwikkelingsmaatreëls in landelike skikkings kan deelneem.

6.7.3 Magte van die GRBR

Die GRBR sal die mag hê om:

- (a) grondregte-bestuurskomitees (GRBK's) te vestig en/of ontbind;
- (b) norme en standaarde daar te stel vir die GRBK's;
- (c) sekere magte aan die GRBK's te delegeer;
- (d) voldoening aan norme en standaarde, sowel as grondregte-bestuursbeleide en -wette, af te dwing;
- (d) appêlsake aan te hoor met betrekking tot sake wat deur die GRBK's hanteer is;
- (e) besluite wat deur die GRBK's gemaak is, om te keer; en
- (f) respek vir en handhawing van die regte van mede-grondbewoners af te dwing.

7. Die strategiese slaankrag van grondhervorming

7.1 Grondhervorming vorm deel van die Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram, en word gerugsteun deur die volgende beginsels:

- (a) breedvoerige, gekoördineerde en geïntegreerde landbou-transformasie;
- (b) 'n verbeterde grondhervormingsprogram; en
- (c) strategiese belegging in ekonomiese, kulturele, inligtings-en-kommunikasietegnologie en maatskaplike infrastruktuur tot voordeel van alle landelike gemeenskappe.

7.2 Alhoewel *landelike ontwikkeling* en *grondhervorming* verskil wat ontwerp aanbetref, is dit soortgelyk op beleids-, program- en institusionele vlak ten einde gekoördineerde dienslewering te verseker. In die strewende na landbou-hervorming word die skakel tussen die *grondvraagstuk* en *landbou* gesien as die grondslag van die soeke na 'n ekonomiese rasionaal en 'n visie vir 'n post-hervormings-landboustruktuur. Tog kan grond ook benodig word vir ander produktiewe gebruike buiten landbou.

8. Grondhervorming-ervarings elders

8.1 Asië

8.1.1 China

China het hul gemeenskaplike stelsel met 'n tweeledige bestuurstelsel vervang – 'n stelsel van huishouding-kontrakverpligtinge en die toestaan van selfbestuursregte aan boere. Dit het die monopolie met betrekking tot aankoop en bemarking vervang, en boere is toegelaat om vrylik plaasprodukte uit te ruil. Dit het enkel-gemeenskaplike eienaarskap verander in privaat eienaarskap, waar die boer handel kan dryf in bates.

8.1.2 Indië

Indië het die volgende hervormings ingestel: dit reguleer gedeelde oeste, bied wetlike beskerming teen uitsettings, het 'n grond-plafon-wet ingestel en voorsien erwe met woonhuise.

8.2 Latyns-Amerika

8.2.1 Brasilië

Brasilië het begin met selektiewe uiteensetting teen vergoeding, lewensvatbare klein familieplase ontvang regeringsteun om die plaaslike mark te bedien, terwyl grootskaalse kommersiële boere die uitvoermark bedien, en markverwante strategieë met tradisionele grondbestuurstelsels gekombineer om mekaar aan te vul.

8.2.2 Meksiko

Meksiko het gemengde ervarings: nasionalisering in 1910, herverdeling in 1935; denasionalisering in 1946; en 'n opstand deur plaasarbeiders in 1970 wat gelei het tot 'n oornome van land wat deur buitelanders besit word en dit in gedeelde grond omskep het.

8.2.3 Chili

Chili het in die 1960's groot plase onteien, en hulle in koöperatiewe omskep vir plaasarbeiders en kleinboere. In 1974 was daar 'n ommekeer, ná die sluipmoord op president Allende, met die herstel van elite familieplase. Wetlike hervormings is in die 1980's ingestel ten opsigte van grondverhuring en -onderverdeling.

8.3 Afrika

Op die Afrika-kontinent is daar interessante lesse te leer uit die **Egiptiese** ervaring. Wetgewing wat in die 1950's in werking getree het, het plaasgroottes beperk tot 'n maksimum van 42 ha per individu, huurkoerse ingeperk en minimum huurtydperke daargestel.

9. Uitdagings en beperkings

9.1 Vir die grondhervormingsprogram om vinnig en suksesvol te vorder, moet 'n aantal uitdagings en beperkings gekonfronteer en die hoof gebied word. **Die belangrikste uitdagings is:**

- (a) verskafte bestaande belange, beide wat kommersiële en gemeenskaplike grond aanbetref,
- (b) swak samewerking en integrasie van pogings en hulpbronne tussen staatsinstansies en tussen die privaat en openbare sektor; en
- (c) die grootste beperking is die swak kapasiteit van staatsorgane om dit te implementeer.

9.2 Hierdie drie uitdagings is 'n komplekse risikofaktor vir enige doeltreffende, regverdig en spoedige oplossing van die grondvraagstuk. Dit sal tyd neem en 'n aanhoudende, gesamentlike nasionale politieke poging verg om te bowe te kom. Koördinasie en integrasie tussen alle toepaslike staatsorgane en die burgerlike gemeenskap is die sleutel tot die suksesvolle uitvoer van 'n volhoubare grondhervormingstelsel.

10. Opsomming en gevolgtrekking

10.1 Om die maatskaplike, ekonomiese en kulturele uitwerking van eeue se diskriminasie en uitsluiting op grond van ras, klas en geslag ongedaan te maak, sal tyd en 'n volhoubare nasionale politieke poging neem.

10.2 Uitdagings en beperkings wat gedurende die afgelope 17 jaar ervaar is, en lesse wat geleer is uit ander lande regoor die wêreld, wys duidelik dat daar geen kitsoplossing is om post-koloniale grondprobleme op te los nie.

10.3 'n Stelsel-benadering blyk noodsaaklik en toepaslik te wees om 'n komplekse en emosionele uitdaging soos grondhervorming aan te spreek. Versuim om die regte en verblyfsekerheid van plaaswerkers en -bewoners te beskerm is 'n goeie voorbeeld. Daar is 'n sterk mening dat die ware probleem met grondhervorming oor die algemeen, en die beskerming van die regte en verblyfsekerheid van plaasbewoners in besonder, een van algehele stelsel-gebrek is eerder as 'n enkele wet, byvoorbeeld die Wet op die Uitbreiding van Verblyfsekerheid.

10.4 In die geval van plaaswerkers en -bewoners kan hierdie versuim duidelik gesien word uit die volgende: onvoldoende bewoording van beleide en wetgewing om plaaswerkers en -bewoners te beskerm; swak implementering van bestaande beleide en wetgewing deur staatsorgane; swak wetstoepassing deur wetstoepassers; die regstelsel wat werkers nie goedgesind is in die hantering van uitsettingsake nie; vakverbonde wat nie doeltreffend op plase werk nie; die nie-komplementêre (amper vyandige) verhouding tussen nie-regeringsorganisasies en staatsorgane in die aanspreek van plaasbewoners se probleme; swak of nie-bestaande kontrole, koördinasie en kommunikasie tussen staatsorgane binne en tussen die drie regeringsfere en ander belanghebbende partye, oor sake wat die regte van plaaswerkers en -bewoners negatief beïnvloed.

10.5 Die volgende aanhalings wat direk en indirek die eerste president van die African National Congress, dr John Langalibalele Dube, aanhaal, is geneem uit die boek deur Heather

Hughes, *First President* (2011), wat onlangs gepubliseer is. Dit spreek die behoefte aan grondbesit van die Afrika-mense aan. Die situasie het nie veel verander sedert die 1930's, toe hierdie uitsprake deur dr Dube gemaak is nie. **Ons moet dit nou verander!**

Die punte wat Dube en sy kollegas gemaak het oor die wetsontwerpe (byvoorbeeld met betrekking tot Naturelle-verteenwoordiging in die Parlement, Naturelle-grondbesit, en die Naturelle-raad) is ingesluit in sy getuienis voor die Naturelle Ekonomiese Kommissie ... Hy het 'n geskrewe voorlegging voorberei waarvoor hy breedvoerig uitgevra is tydens die verhoor. Die belangrikste vir hom, het hy gesê, en vir alle Afrika-mense, is die grondkwessie. Hulle het baie meer daarvan nodig, veral diegene wat dit nie kan bekostig om grond te koop nie. Die grond behoort vir hulle gekoop te word en aan hulle oorhandig te word; al die Afrika-gebiede behoort behoorlik opgemeet te word en verdeel te word in erwe vir huise, weiding en tuine. Mense kan dan 'n nominale huur vir hul erwe betaal.

“Daar is slegs een miljoen van julle en omtrent ses miljoen van ons; en julle een miljoen het driekwart van die land, en ses miljoen van ons het 'n kwart van die land. Dit is nie regverdig nie ... Ek dink nie ons vra vir liefdadigheid as ons vra (vir meer land) nie; ons het bygedra tot die ontwikkeling van Suid-Afrika deur ons arbeid ... ons het ons deel gedoen in daardie opsig, en in die opsig van belasting, beide direk en indirek” [eie vertaling].

Hy het ernstig die Kommissaris se siening teengekant, naamlik dat Afrikane nie weet hoe om hul grond behoorlik te gebruik nie, en dat dit net 'n vermorsing sal wees om vir hulle nog te gee, dat Afrikane te vinnig aanteel, en dat hulle te veel vee besit:

“Die swart os het nêrens om te wei nie, terwyl die wit os al die weiding het ... Ek is jammer, maar ek kan dit nie duideliker stel as dit nie.”

[Eie vertaling, Heather Hughes (2011). *First President. A Life of John L Dube, founding President of the ANC*].